



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN
2021

10601
WISKUNDIGE GELETTERDHEID
VRAESTEL 1

TYD: 3 uur

PUNTE: 150

10 bladsye + 'n addendum van 7 bladsye

WISKUNDIGE GELETTERDHEID: Vraestel 1



10601A

X05



Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.
'n Addendum van 7 bladsye is binne die vraestel ingesluit.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae. Beantwoord AL die vrae.
2. Gebruik die ADDENDUM soos volg:
 - Gebruik BYLAAG A om Vraag 1.3 te beantwoord.
 - Gebruik BYLAAG B om Vraag 2.1 te beantwoord.
 - Gebruik BYLAAG C om Vraag 2.2 te beantwoord.
 - Gebruik BYLAAG D om Vraag 3.1 te beantwoord.
 - Gebruik BYLAAG E om Vraag 3.2 te beantwoord.
 - Gebruik BYLAAG F om Vraag 4.4 te beantwoord.
3. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. 'n Goedgekeurde sakrekenaar (nie-programmeerbaar en nie-grafies) mag gebruik word tensy anders vermeld.
5. Toon ALLE berekeninge duidelik aan.
6. Rond ALLE finale antwoorde toepaslik af volgens die gegewe konteks, tensy anders vermeld.
7. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.
8. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
9. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

- 1.1 Mnr. A Johnson ontvang sy salarisstrokie hieronder.
Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TABEL 1: MNR. A. JOHNSON SE SALARISSTROKIE

Multi-tanks SA Robertstraat 209 Industrial			
Werknemer: Mnr. A. Johnson		Betaaldatum: 6 Junie 2020	
ID nommer: 600610 5806 080		Betaalsiklus: maandeliks	
Bankbesonderhede: ABC bank		Belastingnommer: 0244160775	
Valley Sentrum Rek # 234987			
Verdienste	Bedrag	Aftrekkings	Bedrag
Basiese salaris	R12 790,00	WVF	(A)

- 1.1.1 Wie is Mnr. Johnson se werkgever? (2)
- 1.1.2 Waarvoor staan die afkorting WVF? (2)
- 1.1.3 Bereken die WVF (die vermiste waarde A) op Mnr. Johnson se salaris. (2)
- 1.1.4 Gedurende die COVID-19 pandemie was Mnr. Johnson se salaris met 40% verminder.
Wat sal sy nuwe salaris wees? (2)
- 1.1.5 Hoe sal sy verminderde inkomste sy koopkrag beïnvloed? (2)
- 1.1.6 Gedurende die inperking was Mnr. Johnson in staat om Sunlight Liquid teen 'n verminderde prys van R21,50 te koop nadat dit met 20% afgemerkt is.
Bepaal die oorspronklike prys voor die afslag. (2)
- 1.1.7 Mnr. Johnson se suster stuur vir hom £400. Wat sou die bedrag in rand wees indien die wisselkoers 1 Suid-Afrikaanse Rand = £0,046 is? (2)

- 1.2 Gedurende die 2020 jaar is baie COVID-19 positiewe gevalle aangemeld. Die tabel hieronder dui die aantal gevalle aan wat gedurende Junie 2020 aangemeld is. Verwys na die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

<u>Gevalle Data</u>		
PROVINSIE	Totale gevalle vir 15 Junie 2020	Persentasie totaal
Oos-Kaap	10 597	14,4
Vrystaat	512	0,7
Gauteng	12 193	16,6
KwaZulu-Natal	3 959	5,4
Limpopo	362	0,5
Mpumalanga	322	0,4
Noord-Wes	1 177	1,6
Noord-Kaap	205	0,3
Wes-Kaap	44 143	60,0
Onbekend	63	0,1
Totaal	A	100,0

[Bron: www.slideshare.net]

- 1.2.1 Verduidelik die verskil tussen *diskrete* en *kontinue* data. (2)
- 1.2.2 Watter provinsie het die hoogste aantal gerapporteerde gevalle? (2)
- 1.2.3 Bepaal die omvang van die gerapporteerde gevalle. (2)
- 1.2.4 Bepaal die mediaan van die gerapporteerde gevalle, uitsluitend die “onbekende” provinsie. (2)
- 1.2.5 Bereken die vermiste waarde **A**, die totale aantal gerapporteerde gevalle, in die tabel hierbo. (2)
- 1.3 Gauteng is een van die kleinste provinsies maar met 'n hoë aantal COVID-19 infeksies. Verwys na BYLAAG A in die ADDENDUM aangaande die geslag en ouderdomme wat deur COVID-19 geaffekteer word en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.3.1 Identifiseer die geslag wat die hoogste infeksiekoers het. (2)
- 1.3.2 Noem EEN ander tipe grafiek wat die ouderdomsverwantskap sirkeldiagram kan verteenwoordig. (2)
- 1.3.3 Watter ouderdomsgroep het die meeste infeksies? (2)

[30]

VRAAG 2

2.1

Mev. Ndlovu, wat 58 jaar oud is, verdien 'n maandelikse inkomste van R60 000. Elke maand dra sy die volgende by vanuit haar maandelikse inkomste:

- Mediese fonds vir haarself, haar man en twee kinders
- 7,5% van haar basiese inkomste word bygedra tot 'n pensioenfonds
- 1% van haar basiese salaris word bygedra tot WVF (maks. R148,72).

Gebruik die belastingtabel op BYLAAG B in die ADDENDUM om die volgende vrae te beantwoord.

2.1.1 Verduidelik wat die belastingdrempel vir 'n persoon 65 jaar en jonger vir 'n belastingbetaler beteken. (2)

2.1.2 Bereken Mev. Ndlovu se jaarlikse belasbare inkomste. (5)

2.1.3 Bepaal Mev. Ndlovu se jaarlikse mediese fonds belastingskrediet. (4)

2.1.4 Mev. Ndlovu beweer dat haar maandelikse belastingbydrae R9 111,75 is. Verifieer, deur ALLE berekeninge te toon, of haar bewering geldig is. (8)

2.2

Die werklikheid is dat opvoeding duur is. Verwys na die tabel van vergelykende skoolfooie op BYLAAG C in die ADDENDUM om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.2.1 Wat is die verskil tussen publieke primêre skoolfooie en private primêre skoolfooie vir die jaar 2020? (3)

2.2.2 Minenhle se ouers beplan om hom na 'n private hoërskool te stuur en verwag om R20 725 per maand vir die eerste 12 maande wat hy op hoërskool is, te betaal. In watter jaar sal hy hoërskool begin? (3)

2.2.3 Joshua se ouers besef dat opvoeding duursaam is en het begin spaar vir sy universiteitsopleiding in 2025. Aan die einde van 2021 sou hulle R88 653,77 gespaar het. Hulle het besluit om hierdie bedrag te belê teen 6,6% p.j. saamgestelde rente vir die oorblywende 3 jaar. Joshua het gedurende sy Wiskundige Geletterdheid klas uitgewerk dat sy ouers aan die einde van 2024 nie genoeg geld sou gespaar het nie en sal ongeveer R250,00 moet bylas.

Verifieer, deur ALLE berekeninge te toon, of Joshua se berekeninge geldig is. (7)

- 2.3 Elektrisiteit kan op twee maniere van Eskom aangekoop word, voorafbetaalde (pre-paid) en nabetaalde (post-paid). Hieronder is 'n aangepaste, vergelykende tabel om die vrae wat volg te beantwoord.

Sisteem naam	Vaste maandelikse koste	Koste per eenheid (c/kWh)	
Voorafbetaalde (pre-paid)	R200,00	70,855	
Nabetaalde (post-paid)	nul	0 – 50	69,36
		50,1 – 350	81,60
		350,1 – 600	127,02
<i>Pryse sluit BTW van 15% uit</i>			

- 2.3.1 Bepaal die vaste maandelikse koste van die voorafbetaalde sisteem. (2)
- 2.3.2 Indien 'n huishouding 286 kWh elektrisiteit op die nabetaalde sisteem gebruik, hoeveel sal hul vir hul elektrisiteitsverbruik betaal, BTW uitgesluit? (5)
- 2.3.3 'n Huishouding het elektrisiteit vir R720, insluitend BTW, op die voorafbetaalde sisteem gekoop. Bepaal hoeveel elektrisiteit hulle kan gebruik. (5)

[44]

**MAAK ASSEBLIEF HIERDIE
ADDENDUM VAN 7 BLADSYE LOS.**



**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

2021

10601

WISKUNDIGE GELETTERDHEID


**VRAESTEL 1
ADDENDUM**

7 bladsye

BYLAAG A

Vraag 1.3

Statistieke op die geslag en ouderdom van COVID-19 gerapporteerde gevalle in Gauteng gedurende 2020



BYLAAG B**Vraag 2.1****BELASTINGTABEL**

Belasbare inkomste	Belastingkoers
R0 – R205 900	18% van belasbare inkomste
R205 901 – R321 600	R37 062 + 26% van belasbare inkomste meer as R205 900
R321 601 – R445 100	R67 144 + 31% van belasbare inkomste meer as R321 600
R445 101 – R584 200	R105 429 + 36% van belasbare inkomste meer as R445 100
R584 201 – R744 800	R155 605 + 39% van belasbare inkomste meer as R584 200
R744 801 – R1 577 300	R218 139 + 41% van belasbare inkomste meer as R744 800
R1 577 301 en meer	R559 464 + 45% van belasbare inkomste meer as R1 577 300

[<https://www.allangray.co.za/latest-insights/personal-investing/2020-budget-speech-update>]

Belastingdrempels

- R83 100 vir belastingbetalers jonger as 65
- R128 650 vir belastingbetalers 65 jaar tot 74
- R143 850 vir belastingbetalers 75 jaar en ouer

Korting

- R14 958 per jaar vir alle individue
- R8 199 vir belastingbetalers 65 jaar en ouer
- R2 736 vir belastingbetalers 75 jaar en ouer

Mediese belastingkrediete

- R319 per maand per begunstigde vir die eerste twee begunstigdes
- R215 per maand vir elke addisionele begunstigde

BYLAAG C

Vraag 2.2

VERGELYKENDE ONDERRIGFOOIE


VERWAGTE GEMIDDELDE KOSTE VIR EEN JAAR SE ONDERRIG	2020	2025	2030	2035
PUBLIEKE PRIMÊRE OF HOÛRSKOOL	R 37 700	R 63 300	R 97 400	R 149 800
PRIVATE PRIMÊRE SKOOL	R 92 400	R 154 900	R 238 400	R 366 700
PRIVATE HOÛRSKOOL	R 148 300	R 248 700	R 382 700	R 588 800
UNIVERSITEIT	R 64 200	R 107 600	R 165 600	R 254 700

[<https://businessstech.co.za/news/finance/330885/south-african-private-schools-that-are-cheaper-than-public-schools/>]

BYLAAG D

Vraag 3.1


PERSENTASIE Matriek slaagsyfer vanaf 2009 tot 2018



BYLAAG E

Vraag 3.2


GEWONE SLAAG TEENOOOR UNIVERSITEITSTOELATING



BYLAAG F

Vraag 4.4

AANTAL LEERDERS IN GRAAD 11 EN AANTAL WAT
GRAAD 12 GESLAAG HET



EINDE

VRAAG 3

3.1

John besluit om navorsing oor vorige matriekuitslae te doen. Hy het op twee grafieke afgekom; een wat die algehele matriek slaagsyfer van die jaar 2009 tot 2018 aandui (BYLAAG D), en een wat die gewone slaagsyfer teenoor die universiteit slaagsyfer toon. (BYLAAG E)

Bestudeer BYLAAG D in die ADDENDUM om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 3.1.1 Bepaal die omvang van die algehele matriek slaagsyfer vir 2009 tot 2018. (3)
- 3.1.2 Bepaal die modus van die algehele matriek slaagsyfer vir 2009 tot 2018. (2)
- 3.1.3 Bepaal die mediaan van die algehele matriek slaagsyfer vir 2009 tot 2018. (3)
- 3.1.4 Bepaal of die data van die algehele matriek slaagsyfer diskreet of kontinu is. Regverdig jou antwoord. (3)
- 3.1.5 Bepaal die IKO (Interkwartiele-omvang) van die algehele slaagsyfer vir 2009 tot 2018. (3)
- 3.1.6 Verduidelik wat die 3^{de} Kwartielwaarde (K3) verteenwoordig. (2)
- 3.1.7 Bepaal die waarskynlikheid om 'n jaar te kies met 'n slaagsyfer van minder as 70,3%. Los jou antwoord in 'n vereenvoudigde breukformaat. (3)

3.2

Bestudeer BYLAAG E in die ADDENDUM om die vrae wat volg te beantwoord.

- 3.2.1 Beskryf die neiging van die gewone slaagsyfer en die universiteitstoelating slaagsyfer apart. (4)
- 3.2.2 Indien die data wat versamel is van die gewone en universiteitstoelating slaagsyfer in Gauteng gedoen is, verduidelik of hierdie data bevooroordeeld of geldig vir die land is. (2)
- 3.2.3 Konstrueer 'n vraelys met 4 vrae wat jy 'n leerder sal vra wat universiteits-toelating behaal het. (4)

[29]

VRAAG 4

4.1

Sasha en Leila besluit om die fliek Black Panther te kyk. Die fliek wat op 29 Januarie 2018 vrygestel is het groot verkope van \$1 348 258 224 teen 31 Maart 2018 geregistreer. Die totale koste om die Black Panther fliek te produseer was gekwoteer teen \$200 miljoen, uitsluitend bemakingskoste.

[Bron: <https://medium.com/@vrendermarketing/what-did-it-cost-to-make-black-panther>]

4.1.1 Bepaal hoeveel geld (in \$) per dag verdien is vanaf 29 Januarie tot 31 Maart 2018. (Rond jou antwoord af tot die naaste miljoen \$). (4)

4.1.2 Indien 60 kaartjies per dag verkoop is, en elke kaartjie \$76 gekos het, bepaal hoeveel geld die bioskoop vanaf 29 Januarie tot 31 Maart 2018 gemaak het. (3)

4.1.3 Indien die inkomste in dollar \$282 720 is, wat sal die rand waarde wees indien die wisselkoers \$1 = R11,8321 is? (2)

4.1.4 Inperking Vlak 2 Regulasies het verklaar dat alhoewel bioskope mag funksioneer, mag hulle nie 40% van hul kapasiteit mag oorskry nie. Indien 'n kaartjie R120 is, en die bioskoop 'n maksimum kapasiteit van 60 mense mag hê, bewys (toon ALLE berekeninge aan) dat die verlies van inkomste R4 320 is. (3)

4.2

Mev. McKenzie en haar familie het na Starland gegaan om sterre te gaan kyk terwyl hulle in Sutherland was. John, die eienaar, het 'n eiendom net buite Sutherland gekoop as 'n belegging in 2015. Hy organiseer 'n sterrekyk-toer op sy eiendom elke aand.

Starland het 'n FNB Besigheidsrekening, wat die volgende diensfooie hef:

FNB Besigheidsrekening: Betaal-soos-jy-gebruik prys opsie	
Transaksie	Diensfooi
Maandelikse rekeningfooi	R200
Kontant deposito fooi by FNB tak	
Minimum fooi per deposito minder as R5 000	R30,00
Waarde van deposito	Deposito fooi by FNB meer as R5 000
R5 000 – R14 999,99	R8,40 + R1,49 per R100 of gedeelte daarvan

4.2.1 Wat is die maandelikse rekeningfooi op hierdie rekening? (2)

4.2.2 Wanneer sal die kliënt 'n minimum fooi van R30,00 betaal? (2)

4.2.3 Bereken die totale koste, in bankfooie, vir die besigheid wanneer John R11 300,00 by 'n FNB tak deponeer. (2)


4.2.4 Die FNB Besigheidsrekening betaal 2,4% rente per jaar. Die rente word maandeliks saamgestel.

(a) Bereken die maandelikse rentekoers. (3)

(b) Bereken hoeveel rente John op R11 300,00 sal verdien indien hy die geld na 2 maande onttrek. (5)

4.3

Starland het 'n wins van R210 000 gedurende die vorige jaar gemaak. Starland het 'n vaste uitgawe koste van R30 000. Verwys na die grafiek hieronder wat die totale inkomste en uitgawes verteenwoordig en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.3.1 Gebruik die grafiek om aan te toon dat die inkomste wat John per persoon hef vir sterrekyk, R130 is, afgerond tot die naaste tien rand. (3)
- 4.3.2 Die totale uitgawes vir 500 mense is R40 000. Bereken die uitgawe per persoon vir 'n aand van sterrekyk. (4)
- 4.3.3 Aangesien John R130 per persoon vir sterrekyk vra, bereken sy persentasie wins vir 'n sterrekyk-toer per persoon. (3)

4.4

Mnr. McKenzie besluit om te kyk wat die leerders se vordering vanaf 2014 tot 2019 is aangesien sy kind huidiglik in Graad 11 is en hy wil weet wat die waarskynlikheid is dat sy kind na Graad 12 sal gaan. Verwys na BYLAAG F in die ADDENDUM om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 4.4.1 Sorteër die data van die Graad 11's en die Graad 12's apart, in stygende volgorde. (2)
- 4.4.2 Bepaal Kwartiel 1 (K1) en Kwartiel 2 (K2) van die Graad 12's. (4)
- 4.4.3 Bepaal die modale aantal Graad 11's wat slaag. (2)
- 4.4.4 Bepaal die gemiddeld van die Graad 12's wat geslaag het. (3)
- [47]**

TOTAAL: 150



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN
2021

NASIENRIGLYNE

WISKUNDIGE GELETTERDHEID V1 (10601)

Kodes	Verduideliking
M	Metode
MA	Metode met Akkuraatheid
CA	Konstante Akkuraatheid
A	Akkuraatheid
C	Herleiding
D	Definieer
J	Regverdiging/Rede/Verduideliking/Gevolgtrekking
S	Vereenvoudiging
RT/RD/RG	Lees vanaf tabel OF grafiek OF diagram OF kaart OF plan
F	Kies die korrekte formule
SF	Vervang in die formule
O	Opinie
P	Penaliseer, bv. geen eenhede, verkeerde afronding ens.
R	Afronding
NP	Geen penalisering vir afronding of eenhede uitgelos nie

SLEUTEL TOT ONDERWERP SIMBOLE:

**F = Finansies; M = Meting; MP = Kaarte, Planne en ander voorstellings;
DH = Data Hantering; P = Waarskynlikheid**

22 bladsye

VRAAG 1

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
1.1				
1.1.1	Multi-tank SA ✓✓A	2 A Korrekte antwoord	(2)	F1

1.1.2	Werkloosheidsversekeringsfonds ✓✓ A	2A Korrekte antwoord	(2)	F1
1.1.3	✓MA $1\% \times R12\,790 = R127,90$ ✓A OF $\frac{1}{100} \times R12\,790$ ✓MA $= R127,90$ ✓A	1 MA Maal met 1% 1 A Antwoord	(2)	F1
1.1.4	✓MA $R12\,790 \times \frac{100-40}{100} = R7\,674$ ✓A OF ✓MA $R12\,790 \times \frac{60}{100} = R7\,674$ ✓A OF $R12\,790 \times \frac{40}{100} = R5\,116$ $R12\,790 - R5\,116$ ✓MA $= R7\,674$ ✓A	1 MA Maal met 60% 1 A Korrekte antwoord 1 MA Maal met 60% 1 A Korrekte antwoord 1MA Trek korrekte bedrag af 1A Korrekte antwoord	(2)	F1

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
1.1.5	Hy sal minder geld hê om te spandeer. ✓✓J OF Sy koopkrag sal minder wees. OF Hy sal minder goedere/kos/petrol koop.	2J Regverdiging Aanvaar enige redelike/ geldige antwoord	(2)	F1
1.1.6	✓MA $R21,50 \times \frac{100+20}{100} = R25,80$ ✓A OF ✓MA $R21,50 \times 1,2 = R25,80$ ✓A OF $R21,50 \times \frac{20}{100} = R4,30$ ✓MA $R21,50 + R4,30 = R25,80$	1MA Maal met 120% 1A Antwoord 1MA Maal met 1,2 1A Antwoord 1MA Tel R4,30 by 1A Antwoord	(2)	F1
1.1.7	✓MA $400 \div 0,046 = R8\ 695,652$ $\approx R8\ 695,65$ ✓ A OF $\frac{400}{0,046} = R8\ 695,652$ $\approx R8\ 695,65$	1MA Deel met 0,046 1A Korrekte antwoord	(2)	F1
1.2				
1.2.1	Diskrete data bestaan slegs uit heelgetalle en kontinue data bestaan ook uit desimale getalle. ✓✓ O	2 O Korrekte verduideliking van beide diskrete en kontinue data	(2)	DH1
1.2.2	Wes-Kaap ✓✓ A	2A Antwoord	(2)	DH1

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
1.2.3	Omvang = Maksimum waarde – Minimum waarde 44 143 – 63 ✓ RT = 44 080 ✓ A	2RT Korrekte waardes 1A Antwoord Slegs antwoord, vol punte	(2)	DH1
1.2.4	205, 322, 362, 512, 1 177 , 3 959, 10 597, 12 193, 44 143 ✓ M Mediaan = 1 177 ✓ CA	1M Rangskikking 1CA Antwoord Penaliseer: Penaliseer 1 punt indien leerder 10 provinsies gebruik het en 844,5 gekry het Slegs antwoord, vol punte	(2)	DH1
1.2.5	205 + 322 + 362 + 512 + 1 177 + 3 959 + 10 597 + 12 193 + 44 143 ✓ MA = 73 470 ✓ A	1MA Optel 1A Antwoord	(2)	DH1
1.3				
1.3.1	Mans ✓✓ A	2A Antwoord	(2)	DH1
1.3.2	Staafigrafiek ✓✓ A	2A Antwoord	(2)	DH1
1.3.3	30 – 49 jaar oud ✓✓ A	2A Antwoord	(2)	DH1
			[30]	

VRAAG 2

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
2.1				
2.1.1	Dit beteken dat 'n persoon van 65 jaar of jonger, wat 'n jaarlikse inkomste van R83 100 of minder verdien, geen belasting hoef te betaal nie. ✓✓J	2J Verduideliking van minder as R83 100 en sal nie belasting sal betaal nie	(2)	F4
2.1.2	Inkomste – pensioen – WVF = belasbare inkomste ✓M ✓M $R60\,000 - (7,5\% \times 60\,000) - R148,72$ $= R55\,351,28 \quad \checkmark CA$ ✓M $R55\,351,28 \times 12 = R664\,215,36 \quad \checkmark CA$ OF ✓M $R60\,000 \times 12 = R720\,000 \quad \checkmark CA$ $R720\,000 \times \frac{7,5}{100} = R54\,000$ $R720\,000 - R54\,000 = R666\,000 \quad \checkmark M$ $R666\,000 - (R148,72 \times 12)$ $= R666\,000 - R1\,784,64 \quad \checkmark M$ $= R664\,215,36 \quad \checkmark CA$ OF ✓MA $R60\,000 \times 12 = R720\,000 \quad \checkmark CA$ $R720\,000 \times \frac{7,5}{100} = R54\,000$ $R148,72 \times 12 = R1\,784,64$ $R54\,000 + R1\,784,64 = R55\,784,64$ $R720\,000 - R55\,784,64 \quad \checkmark M \checkmark M$ $= R664\,215,36 \quad \checkmark CA$	1M Trek pensioen af 1M Trek WVF af 1CA Antwoord 1M Maal met 12 1CA Antwoord 1M Maal met 12 1CA Antwoord 1M Trek pensioen af 1M Trek WVF af 1CA Antwoord 1MA Maal met 12 1CA Antwoord 1M Trek pensioen af 1M Trek WVF af 1CA Antwoord	(5)	F3

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
2.1.3	✓MA $(R319 \times 2) + (R215 \times 2) =$ R1 068 per maand ✓A ✓M $R1\ 068 \times 12 = R12\ 816$ per jaar ✓ CA OF ✓MA $(R319 + R319) + (R215 + R215)$ $= R638 + R430$ $= R1\ 068$ ✓A ✓M $R1\ 068 \times 12 = R12\ 816$ per jaar ✓ CA OF $R319 \times 12 = R3\ 828$ $R3\ 828 \times 2 = R7\ 656$ $R215 \times 12 = R2\ 580$ $R2\ 580 \times 2 = R5\ 160$ $R7\ 656 + R5\ 160$ ✓M $= R12\ 816$ ✓CA OF $R319 \times 2 = R638$ $R638 \times 12 = R7\ 656$ $R215 \times 2 = R430$ $R430 \times 12 = R5\ 160$ $R7\ 656 + R5\ 160$ ✓M $= R12\ 816$ ✓CA OF $12 \times 2 = 24$ ✓MA $R319 \times 24 = R7\ 656$ $R215 \times 24 = R5\ 160$ $R7\ 656 + R5\ 160$ ✓M $= R12\ 816$ ✓CA OF	1MA Optel en vermenigvuldiging 1A Antwoord 1M Maal met 12 1CA Antwoord 1MA Optel 1A Antwoord 1M Maal met 12 1CA Antwoord 1MA Maal met 12 en 2 1A Beide antwoorde 1M Optel 1CA Antwoord 1MA Maal met 12 en 2 1A Beide antwoorde 1M Optel 1CA Antwoord 1MA 24 1A Beide antwoorde 1M Optel 1CA Antwoord		F2

	$12 \times 2 = 24 \quad \checkmark \text{MA}$ $R319 + R215$ $\checkmark \text{A}$ $= R534 \times 24 \quad \checkmark \text{M}$ $= R12\,816 \quad \checkmark \text{CA}$	1MA vir 24 1A Totaal of 1M Optel vir beide waardes 1M Maal met 24 1CA Antwoord	(4)	
2.1.4	$R155\,505 + 39\% (R664\,215,36 - R584\,200) \quad \checkmark \text{RT}$ $\checkmark \text{SF}$ $= R155\,505 + (39\% \times R80\,015,36)$ $= R155\,505 + R31\,205,99$ $= R186\,710,99 \quad \checkmark \text{CA}$ $\checkmark \text{M}$ $R186\,710,99 - R14\,958 = R171\,752,99$ $\checkmark \text{M}$ $R171\,752,99 - R12\,816 = R158\,936,99$ $\checkmark \text{M}$ $R158\,936,99 \div 12 = R13\,244,75 \quad \checkmark \text{CA}$ Nee, haar bewering is NIE GELDIG NIE. $\checkmark \text{J}$	CA van V 2.1.2 en V 2.1.3 1RT Korrekte belastingkurwe 1SF Vervang in formule 1CA Antwoord 1M Trek korting af 1M Aftrek van mediese belastingkrediet 1M Deel met 12 1CA Antwoord 1J Gevolgtrekking		F4

	OF Jaarlikse Belasting betaalbaar: ✓RT R155 505 + 39% inkomste meer as R584 200 R155 505 + 39% x (R664 215,36 – R584 200) ✓SF $= R155\,505 + \left(\frac{39}{100} \times R80\,015,36 \right)$ = R155 505 + R312 065,99 = R186 710,99 ✓CA Korting: ✓M R186 710,99 – R14 958 = R171 752,99 Mediese belastingkrediet: ✓M R171 752,99 – R12 816 = R158 936,99 Maandelikse belasting betaalbaar: $\frac{R158\,936,99}{12} \quad \checkmark M$ = R13 244,75 ✓CA Nee, haar bewering is NIE GELDIG NIE. ✓J	1RT Korrekte belastingkurwe 1SF Vervang in formule 1CA Antwoord 1M Trek korting af 1M Trek mediese belastingkrediet af 1M Deel met 12 1CA Antwoord 1J Gevolgtrekking		
--	---	--	--	--

	OF Jaarlikse Belasting betaalbaar: ✓RT R155 505 + 39% van inkomste bo R584 200 R155 505 + 39% x (R664 215,36 – R584 200) ✓SF $= R155\,505 + \left(\frac{39}{100} \times R80\,015,36 \right)$ = R155 505 + R312 065,99 = R186 710,99 ✓CA Korting en mediese belastingkrediet: ✓M ✓M R186 710,99 – R14 958 – R12 816 = R158 936,99 Maandelikse belasting betaalbaar: $\frac{R158\,936,99}{12} \quad \checkmark M$ = R13 244,75 ✓CA Nee, haar bewering is NIE GELDIG NIE. ✓J	1RT Korrekte belastingkurwe 1SF Vervang in formule 1CA Antwoord 1M Trek korting af 1M Trek mediese krediet-voordele af 1M Deel met 12 1CA Antwoord 1J Gevolgtrekking		
--	--	--	--	--

	OF			
	Jaarlikse Belasting betaalbaar: ✓RT R155 505 + 39% van inkomste bo R584 200 R155 505 + 39% x (R664 215,36 – R584 200) ✓SF $= R155\,505 + \left(\frac{39}{100} \times R80\,015,36 \right)$ $= R155\,505 + R312\,065,99$ $= R186\,710,99 \quad \checkmark \text{CA}$ Korting: ✓M R186 710,99 – R14 958 = R171 752,99 Maandelikse belasting voor mediese belastingkrediet aftrekking: $\frac{R171\,752,99}{12} \quad \checkmark \text{M}$ $= R14\,312,75$ Mediese belastingkrediet: R14 312,75 – (2 x R319) – (2 x R215) = R14 312,75 – R638 – R430 = R14 312,75 – R1 068 ✓M = R13 244,75 ✓CA Nee, haar bewering is NIE GELDIG NIE. ✓J	RT Korrekte belastingkurwe 1SF Vervang in formule 1CA Antwoord 1M Trek korting af 1M Deel met 12 1M Trek maandelikse mediese belastingkrediet af 1CA Antwoord 1J Gevolgtrekking	(8)	
2.2				
2.2.1	✓RT ✓M R92 400 – R37 700 = R54 700 ✓CA	1RT Korrekte waardes vanaf tabel 1M Aftrekking/konsep van verskil 1CA Antwoord	(3)	F1

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
2.2.2	✓MA $12 \times R20\,725$ $= R248\,700$ ✓A Privaat Hoërskool in 2025 ✓RT OF 2020: $R148\,300 \div 12 = R12\,358,33$ ✓MA 2025: $R248\,700 \div 12 = R20\,725$ ✓A Privaat Hoërskool in 2025 ✓RT	1MA Maal met 12 1A Antwoord 1RT Lees jaar vanaf tabel 1MA Deel met 12 1A Antwoord 1RT Lees jaar vanaf tabel	(3)	F1
2.2.3	Jaar 1 (2022) ✓MA $R88\,635,77 + (R88\,635,77 \times 6,6\%)$ $= R94\,485,73$ ✓A Jaar 2 (2023) $R94\,485,73 + (R94\,485,73 \times 6,6\%)$ $= R100\,721,79$ ✓CA Jaar 3 (2024) $R100\,721,79 + (R100\,721,79 \times 6,6\%)$ $= R107\,369,43$ ✓CA Universiteitskoste vir 2025 – spaargeld = tekort ✓RT $R107\,600 - R107\,369,43 = R230,57$ ✓CA Joshua is reg, R250 sal die tekort kan dek ✓O OF Joshua is verkeerd, die bedrag is minder as R250 OF	1MA Maal met 6,6% 1A Antwoord vir 1^{ste} jaar 1CA Antwoord vir 2^{de} jaar 1CA Antwoord vir 3^{de} jaar 1RT Aflees van Universiteitskoste vir 2025 vanaf tabel 1CA Verskil 1O Opinie <i>NOTA: Indien Saamgestelde rente formule gebruik was, gee VOL PUNTE indien die antwoord 100% korrek is. GEEN punte indien antwoord verkeerd is nie.</i>	(7)	F4

Jaar 1 (2022) $R88\ 653,77 \times \frac{6,6}{100} = R5\ 851,14882 \quad \checkmark \text{MA}$ $\checkmark \text{A}$ $R88\ 653,77 + R5\ 851,14882 = R94\ 504,91882$ Jaar 2 (2023) $R94\ 504,91882 \times \frac{6,6}{100} = R6\ 237,324642$ $R94\ 504,91882 + R6\ 237,324642 = R100\ 742,2435 \quad \checkmark \text{CA}$ Jaar 3 (2024) $R100\ 742,2435 \times \frac{6,6}{100} = R6\ 648,988068$ $R100\ 742,2435 + R6\ 648,988068 = R107\ 391,2316$ $= R107\ 391,23 \quad \checkmark \text{CA}$ Verskil: $\checkmark \text{RT}$ $R107\ 600 - R107\ 391,23 = R208,77 \quad \checkmark \text{CA}$ Joshua is reg, R250 sal die tekort kan dek $\checkmark \text{O}$ OF Joshua is verkeerd, die bedrag is minder as R250 OF	1MA Maal met 6,6% 1A Antwoord vir 1^{ste} jaar 1CA Antwoord vir 2^{de} jaar 1CA Antwoord vir 3^{de} jaar 1RT Aflees van Universiteitskoste vir 2025 vanaf tabel 1CA Verskil 1O Opinie
Jaar 1 (2022) $\checkmark \text{MA}$ $R88\ 653,77 \times 1,066 = R94\ 504,91882 \quad \checkmark \text{A}$ Jaar 2 (2023) $R94\ 504,91882 \times 1,066 = R100\ 742,2435 \quad \checkmark \text{CA}$ Jaar 3 (2024) $R100\ 742,2435 \times 1,066 = R107\ 391,23 \quad \checkmark \text{CA}$ Verskil: $\checkmark \text{RT}$ $R107\ 600 - R107\ 391,23 = R208,77 \quad \checkmark \text{CA}$ Joshua is reg, R250 sal die tekort kan dek $\checkmark \text{O}$ OF Joshua is verkeerd, die bedrag is minder as R250	1MA Maal met 1,066 1A Antwoord vir 1^{ste} jaar 1CA Antwoord vir 2^{de} jaar 1CA Antwoord vir 3^{de} jaar 1RT Aflees van Universiteitskoste vir 2025 vanaf tabel 1CA Verskil 1O Opinie

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
2.3				
2.3.1	R200,00 ✓✓RT	2RT Aflees vanaf tabel	(2)	F1
2.3.2	Herleiding na rand: $\frac{69,36}{100} = R0,6936$ $\frac{81,60}{100} = R0,8160$ } ✓C Eerste 50 kWh 50 x R0,6936 = R34,68 ✓A 286kWh – 50kWh = 236kWh ✓A Volgende 236kWh 236 x R0,8160 = R192,576 ✓CA Totaal: R34,68 + R192,576 = R227,256 = R227,26 ✓CA OF Eerste 50 kWh 50 x 69,36 = 3 468c ✓A 286kWh – 50 kWh = 236 kWh ✓A Volgende 236 kWh 236 x 81,60 = 19 257,6c ✓CA Totaal: 3 468 + 19 257,6 = 22 725,6c ✓CA Herleiding na Rand: ✓C $\frac{22\,725,6}{100} = R227,256$ = R227,26	1C Herleiding na rand 1A Antwoord vir 50 kWh 1A Verskil 1CA Antwoord 1CA Totaal 1A Antwoord vir 50 kWh in sent 1A Verskil 1CA Antwoord 1CA Totaal 1C Herleiding na rand		F3
			(5)	

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
2.3.3	Koste uitsluitend BTW: $\checkmark$MA $R720 \times \frac{100}{115} = R626,0869565 \checkmark A$ OF $\checkmark$MA $\frac{R720}{1,15} = R626,0869565 \checkmark A$ Koste uitsluitend vaste maandelikse fooi: $R626,0869565 - R200 = R426,0869565 \checkmark CA$ Koste per eenheid in rand: $\frac{70,855}{100} = R0,70855 \checkmark C$ kWh gebruik: $\frac{R426,0869565}{R0,70855} = 601,3505843$ $= 601,35 \text{ kWh gebruik } \checkmark CA$	1MA vir BTW uitsluitende metode 1A Antwoord 1CA Koste uitsluitend vaste maandelikse fooi 1C Herleiding 1CA Antwoord	(5)	F2
			[44]	

VRAAG 3

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
3.1				
3.1.1	Omvang = Maksimum – Minimum ✓M = 78,2% - 60,6% ✓MA = 17,6% ✓A	1M Konsep van omvang 1MA Korrekte waardes in korrekte volgorde 1A Antwoord	(3)	DH2
3.1.2	Bi-modaal = 70,2% ✓A en 78,2% ✓A	2A Korrekte antwoorde	(2)	DH2
3.1.3	Rangskikking van waardes: 60,6 ; 67,8 ; 70,2 ; 70,2 ; 72,5 ; 73,9 ; 75,1 ; 75,8 ; 78,2 ; 78,2 ✓MA Mediaan = $\frac{72,5+73,9}{2}$ ✓MA = $\frac{146,4}{2}$ = 73,2 ✓CA	1MA Korrekte rangskikking 1MA Korrekte waardes gedeel met 2 1CA Antwoord	(3)	DH3
3.1.4	Kontinu ✓A Die data bestaan uit desimale getalle. ✓✓J OF Kontinu ✓A Die data kan gemeet word. ✓✓J	1A Kontinu 2J Korrekte definisie	(3)	DH4
3.1.5	IKO = K3 – K1 K3 = 75,8% K1 = 70,2% ✓A IKO = 75,8% - 70,2% ✓M = 5,6% ✓CA	1A Korrekte kwartiel 1 en 3 waardes 1M IKO Metode/konsep 1CA Antwoord	(3)	DH3
3.1.6	Die derde Kwartiel waarde (K3) verteenwoording 75% van die data wat versamel is. ✓✓J OF Die derde Kwartiel waarde (K3) verteenwoordig $\frac{3}{4}$ van die data wat versamel is. ✓✓J	2J Verduideliking van K3, moet 75% insluit Aanvaar enige redelike/ geldige verduideliking wat 75% insluit	(2)	DH4
3.1.7	Waarskynlikheid = $\frac{4}{10}$ ✓✓MA = $\frac{2}{5}$ ✓S	1MA Noemer 1MA Teller 1S Vereenvoudiging	(3)	P2

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
3.2				
3.2.1	Gewone slaagsyfer: Die slaagsyfer het geval/verminder/minder geword vanaf 2015 tot 2016 en het dan hoër gegaan/vermeerder/verhoog/opgegaan vanaf 2016 tot 2018. ✓✓J Universiteit slaagsyfer: Daar is 'n konstante verhoging vanaf 2015 tot 2018. ✓✓J OF Universiteit slaagsyfer: Daar is 'n verhoging van 2015 tot 2016, en nog 'n verhoging van 2016 - 2017 en nog 'n verhoging van 2017 - 2018 ✓✓ J	2J Verduideliking van neiging van gewone slaagsyfer 2J Verduideliking van neiging van Universiteit slaagsyfer Penaliseer leerder indien jare nie genoem word nie	(4)	DH4
3.2.2	Bevoordeeld ✓A Die data was slegs van een provinsie in plaas van al die provinsies gekollekteer. ✓J OF Bevoordeeld ✓A Die data was slegs van 'n klein gedeelte van die land versamel. ✓J OF Bevoordeeld ✓A Die data verteenwoordig nie die hele land nie, slegs een gedeelte. ✓J	1A Bevoordeeld 1J Verduideliking Aanvaar enige geldige/redelike antwoord wat verwys na die hele land of slegs 'n gedeelte van die land	(2)	DH4
3.2.3	Opname vrae: 1. Het jy elke dag skool bygewoon? 2. Hoe lank voor die eksamen het jy begin studeer? 3. Het jy elke dag studeer? 4. Wat gaan jy volgende jaar studeer? 5. Wat of wie het jou keuse om verder te studeer, beïnvloed? 6. Wie sal jou studies finansier? 7. Gaan jy deeltydse werk kry om vir jou studies te help betaal? 8. Hoe het COVID-19 jou benadering tot skool en jou studies beïnvloed? 9. Het enige van jou ouers universiteit bygewoon?	4O Vier vrae gevra met betrekking tot Universiteits-toelating 9 Moontlike opsies word gegee – merk slegs die eerste vier vrae; enige relevante/geldige vrae met betrekking tot 'n leerder wat Universiteitstoelating gekry het, kan aanvaar word	(4)	DH4
			[29]	

VRAAG 4

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
4.1				
4.1.1	3 dae in Jan + 28 dae in Feb + 31 dae in Maart ✓MA = 62 dae ✓CA ✓M $\frac{\\$1\,348\,258\,224}{62} = \\$21\,746\,100,39$ ≈ \$22 000 000 ✓R	1MA Punt vir optel 1CA Antwoord 1M Deel met dae 1R Afronding tot die naaste miljoen	(4)	F3
4.1.2	62 dae × 60 kaartjies × \$76 = \$282 720 ✓M ✓MA ✓CA OF 60 kaartjies x \$76 = \$4 560 per dag ✓MA ✓M \$4 560 x 62 dae = \$282 720 ✓CA OF 62 dae x \$76 = \$4 712 ✓M ✓MA \$4 712 x 60 kaartjies = \$282 720 ✓CA	1M Maal kaartjies met dae (CA van 4.1.1.) 1CA Maal kaartjies met \$76 1CA Punt vir antwoord 1MA Maal kaartjies met \$76 1M Maal met dae (CA van 4.1.1.) 1CA Antwoord 1M Maal dae met \$76 (CA van 4.1.1.) 1MA Maal bedrag met 60 1CA Antwoord	(3)	F2
4.1.3	✓M \$282 720 × 11,8321 = R3 345171,312 ✓CA	(CA van 4.1.2) 1M Maal met 11,8321 1CA Antwoord	(2)	F1

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
4.1.4	$60 \times R120 = R7\ 200$ <i>totale inkomste</i> ✓MA $40\% \times R7\ 200 =$ $R2\ 880$ <i>inperking inkomste</i> ✓CA ✓M $R7\ 200 - R2\ 880 = R4\ 320$ verlies OF $60 \text{ mense} \times \frac{40}{100}$ $= 24 \text{ mense mag daaglik bywoon}$ ✓MA $24 \text{ mense} \times R120 = R2\ 880$ Totaal = $60 \text{ mense} \times R120 = R7\ 200$ ✓CA ✓M Verlies = $R7\ 200 - R2\ 880 = R4\ 320$ verlies	1 MA Totale inkomste per dag 1CA Bereken 40% van totale inkomste 1M Trek verskil af 1MA Bereken aantal mense wat daaglik kan bywoon 1CA Bereken totale inkomste per dag 1M Trek verskil af	(3)	F2
4.2				
4.2.1	R200 ✓✓A	2A Punte vir antwoord	(2)	F1
4.2.2	Minimum fooi wanneer 'n deposito gemaak word, is R30. ✓✓A OF Wanneer jy 'n deposito by 'n FNB bank maak. OF Wanneer jy 'n deposito van minder as R5 000 maak. OF Wanneer jy 'n deposito van R5 000 of minder maak. OF Minimum fooi as jy 'n deposito van minder as R5 000 maak. OF Wanneer jy 'n deposito by FNB maak van minder as R5 000.	2A Punte vir antwoord	(2)	F2

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
4.2.3	$R8,40 + \left(R1,49 \times \frac{R11\ 300}{100} \right) \checkmark MA$ $= R8,40 + R168,37$ $= R176,77 \checkmark CA$ OF $\frac{R11\ 300}{100} = 113$ $113 \times R1,49 = R168,37 \checkmark MA$ $R8,40 + R168,37 = R176,77 \checkmark CA$	1MA Maal met R11 300 en R1,49 1CA Punt vir antwoord 1MA Maal 113 met R1,49 1CA Antwoord	(2)	F2
4.2.4 (a)	$\checkmark MA$ $\frac{2,4\%}{12} \checkmark A = 0,2\% \checkmark CA$ OF $\frac{2,4}{100} = 0,024 \checkmark MA$ $\frac{0,024}{12} \checkmark A$ $= 0,002 \checkmark CA$	1MA Korrekte persentasie 1A Deel met 12 1CA Antwoord 1MA Bereken desimaal 1A Deel met 12 1CA Antwoord	(3)	F1

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
4.2.3 (b)	Maand 1 ✓M $R11\ 300 \times 0,002 = R22,60$ ✓CA $R11\ 300 + R22,60 = R11\ 322,60$ ✓CA Maand 2 $R11\ 322,60 \times 0,002 = R22,6452$ ✓CA $R22,60 + R22,65 = R45,25$ ✓CA OF Maand 1 ✓M $R11\ 300 \times \frac{0,2}{100} = R22,60$ ✓CA $R11\ 300 + R22,60 = R11\ 322,60$ ✓CA Maand 2 $R11\ 322,60 \times \frac{0,2}{100} = R22,6452$ ✓CA ✓M $R22,60 + R22,65 = R45,25$ ✓CA	CA van 4.2.2 1M Maal met desimaal 1CA Rente vir eerste maand 1CA Totale rente vir die eerste maand 1CA Rente vir tweede maand 1CA Totale rente CA van 4.2.2 1M Maal met 0,2% 1CA Rente vir eerste maand 1CA Totale rente vir die eerste maand 1CA Rente vir tweede maand 1CA Totale rente <i>NOTA: Indien Saamgestelde rente formule gebruik is, gee VOL PUNTE indien die antwoord 100% korrek is. GEEN punte indien antwoord verkeerd is nie.</i>	(5)	F3
4.3				
4.3.1	✓M $R40\ 000 \div 300 = R133,33 \dots$ ✓CA $\approx R130,00$ inkomste per persoon ✓R OF $\frac{R40\ 000}{300}$ ✓M $= R133,3333333\dots$ ✓CA $\approx R130$ ✓R	1M Deel met 300 1CA Antwoord 1R Afronding 1M Deel met 300 1CA Antwoord 1R Afronding	(3)	F2

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
4.3.2	✓RT $(R40\ 000 - R30\ 000) \div 500$ ✓M ✓MA = R20 <i>koste per persoon</i> ✓CA OF $\frac{R40\ 000 - R30\ 000}{500}$ $= \frac{\checkmark\checkmark\text{MA}}{500}$ $= \frac{R10\ 000}{500}$ $\checkmark\text{M}$ = R20 per persoon ✓CA	1 RT Punt vir vaste uitgawe 1MA Punt vir aftrekking 1M Deel met 500 1 CA Punt vir koste per persoon 2MA Bereken verskil tussen totale uitgawe en vaste koste 1M Deel met 500 1CA Antwoord	(4)	F2
4.3.3	✓M $\frac{R130 - R20}{R20} \times 100 = 550\%$ ✓CA ✓M OF $\frac{R130 - R20}{R20} \times 100$ $= \frac{\checkmark\text{M}}{R20} \times 100$ $= \frac{R110}{R20} \times 100$ $\checkmark\text{M}$ = 550% ✓CA	CA van 4.3.2 1M Verskil tussen bedrae 1M Deel 1CA Persentasie 1M Verskil 1M Deel 1CA Persentasie	(3)	F2

V	ANTWOORD	VERDUIDELIKING		VLAK
4.4				
4.4.1	Graad 11's van 2014 – 2019: ✓MA 827 677, 864 618, <u>858 769</u> , 869 513, 890 971 Graad 12's van 2014 – 2019: ✓MA 501 303, 512 735, <u>534 484</u> , 610 178, 644 536	1MA Korrekte volgorde van Graad 11's 1MA Korrekte volgorde van Graad 12's	(2)	DH2
4.4.2	Mediaan = 534 484 Kwartiel 3 (K3) = $\frac{644\,536 + 610\,178}{2}$ = $\frac{1\,254\,714}{2}$ = 627 357 ✓A Kwartiel 1 (K1) = $\frac{501\,303 + 512\,735}{2}$ = $\frac{1\,014\,038}{2}$ = 507 019 ✓A IKO = K3 – K1 = 627 357 – 507 019 ✓M = 120 338 ✓CA	1A K3 1A K1 1M Konsep van IKO 1CA Antwoord Indien omvang gebruik word, geen punte. CA slegs indien ander waardes gebruik word en konsep van IKO gebruik word.	(4)	DH3
4.4.3	Geen ✓✓A Geen modus	2A Antwoord	(2)	DH1
4.4.4	Gemiddeld = $\frac{\text{Totaal}}{5}$ Gemiddeld = ✓MA $\frac{501\,303 + 512\,735 + 534\,484 + 610\,178 + 644\,536}{5}$ ✓MA = $\frac{2\,803\,236}{5}$ = 560 647,2 ✓CA	1MA Optel of totaal 1MA Deel met 5 1CA Antwoord	(3)	DH2
			[47]	

		TOTAAL:	150
--	--	---------	-----